

Skriflesing: Matt 13:1-9; 18-23

In Matt 13 vertel Jesus 7 gelykenisse oor die Koninkryk van God. Twee van die gelykenisse verklaar Jesus self. Die gelykenis van die Saaier is een van hierdie gelykenisse.

Tema: Die Saaier

In Matt 13:18 verklaar Jesus dat die fokus van die gelykenis in die eerste plek op die Saaier val. God is die Saaier. Hy saai die saad van die Woord, die Goeie Nuus van Jesus Christus. Hy saai met groot vryheid, amper onverskilligheid. Hy sluit niemand uit nie. Sy Woord is vir almal bedoel.

Elkeen van ons is vandag God se saaiers. In die graanbedryf doen al meer boere presisieboerdery. Met behulp van tegnologie word saad so gesaai dat daar geen vermorsing of oorvleueling in die saaiproses is nie. In die saai van die Woord van God doen ons, soos Hy, nie presisieboerdery nie. Ons is nie synig met die saai van die Woord nie. Ons “mors” met sy saad. En ons hou nooit daarmee op nie. In Pred 11:6 lees ons: “Saai jou saad in die môre, gaan in die laatmiddag daarmee voort. Jy weet nie watter van die twee sal 'n oes lewer nie en of altwee ewe goed sal wees nie.”

Ons bekommer ons ook nie of die saad gaan ontkiem en vrug gaan dra nie. Jesus leer vir ons in die gelykenis van 4 maniere hoe mense op Woord gaan reageer. Daar is vier plekke waar die saad wat gesaai word, val:

1. Van die saad val op die pad val.

Die saad wat op die pad val word deur die voëls opgepik.

Daar gaan mense wees wat die Goeie Nuus hoor en nie verstaan. Dan gaan die bose kom en dit wegvat.

Jesus praat waarskynlik hier van die hardkoppige Jode en hul leiers. Hulle hoor die Woord, maar wil dit nie verstaan nie. Hulle neem sy Woord nie ter harte nie en die duiwel vat dit weg uit hul lewens.

So is daar vandag steeds baie mense wat die Woord gehoor het, maar glad nie daarop gereageer het nie.

2. Van die saad val op 'n klipbank.

Op die klipbank is die grond nie diep nie. Die saad kom op met spoed. Maar dit skiet nie wortel nie. Daarom verskroei die son hierdie plantjies en dit verdroog.

Skares het agter Jesus aangeloop. Hulle het sy Woord gehoor en sy wonderwerke gesien. Hulle het die Woord met blydskap aangeneem. Hulle was baie opgewonde oor Jesus. Maar toe begin die volg van Jesus vir hulle 'n prys kos. Hulle word vervolgt en verdruk. Hierdie opofferings is vir hulle te veel en hulle word afvallig.

Hierdie is mense wat baie positief reageer op die Woord van God. Hulle is somer dadelik vol groeikrag. Maar sodra die volg van Christus van hulle opoffering vra, verdwyn hulle entoegasme en hulle word afvallig.

3. Van die saad val tussen die onkruid.

Hierdie saad het mooi opgekom. Maar daar het ook onkruid opgekom en die plantjies verstik. Dit is hulle wat die Goeie Nuus hoor en dit groei in hul lewens. Maar saam met die saad, kom ook onkruid op. Die onkruid verstik die goeie plante sodat hulle nie vrug dra nie. Jesus self verkaar die onkruid in mense se lewens as bekommernis of die verleidelikheid van rykdom.

Ek dink dat hierdie deel van die gelykenis op baie van ons van toepassing is. Ons aanbid God, maar geleidelik kom daar ander gode in ons lewens op. Van hierdie gode is bekommernis of die jaag na rykdom. Ons begin eerder op hierdie gode as die Here ons God fokus. En ons lees nie dat die plantjies tussen die onkruid doodgaan nie. Die onkruid verstik ons. Ons lewens dra nie vrug nie. Ons woon nog 'n klomp kerkgoed by, maar ons maak nie die verskil wat die Here deur ons wil maak nie.

4. Van die saad val op goeie grond.

Dit is hulle wat die Goeie Nuus hoor en verstaan, dit ter harte neem en oorfloedige vrug dra. Hulle dra 30, 60 of 100 voudig vrug. Geen saad dra sulke goeie vrug nie. Hierdeur beklemtoon Jesus dat dit God se vrug is wat ons lewens dra.

Dit is duidelik dat die evangelie 'n kop, hart en hand ding is. Ons hoor God se Goeie Nuus. Ons gee ons lewens aan Hom oor. Ons laat toe dat sy Saad in ons lewens val en ontkiem. En ons dra met ons lewens die vrug wat God werk.

Afsluiting

Gee oor aan die Here. Die Heilige Gees sal jou help om die Goeie Nuus te hoor en te verstaan. Jy sal dit deel van jou lewe maak en jou lewe sal vrug dra tot eer van God.

Jy sal bly saai. Volgens hierdie gelykenis, gaan net 'n ¼ kwart van die saad wat die Here deur ons saai blywende vrug dra. Ek en jy kan nie die saad laat ontkiem of laat vrugdra nie. Maar onthou altyd jy saai saad wat 'n Goddelike vermoë besit om te ontkiem

My en jou taak is om te saai. In die woorde van 2 Tim 4:2 "verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee,"

Amen